ATKV
ATKV-tak
Windhoek

**KRITERIA VIR ATKV-TOEKENNINGS IN NAMIBIË 2023**

**Kriteria:**

**Normaalweg word die volgende kriteria vir beoordeling gebruik:**

- Keurige taalkundige versorging en aanbieding.
- Oorspronklike en kreatiewe taalgebruik.
- Samehang en, waar van toepassing, tematiese strukturering (bv. by korter tekste).
- Genre-spesifieke kriteria soos normaalweg van toepassing.

Die volgende gee ’n aanduiding van die gewig wat elke kriterium dra:

| | |
|---|---|
| Keurige en skeppende gebruik van Afrikaans | 30 |
| Oorspronklikheid/kreatiwiteit | 30 |
| Bydrae wat inskrywing tot Afrikaans in Namibië lewer | 20 |
| Genre-spesifieke kwaliteit en samehang | 20 |

Toekenningspersentasies:
Sertifikaat (onder 60%)
Donsie (60-69%)
Pluimpie (70-79%)
Veertjie (80%+)

**Toekennings:**

**Veertjies** kan slegs vir publikasies en volledige manuskripte toegeken word. Manuskripte moet publikasiemoontlikhede vertoon en in ’n gebinde formaat aangebied word.

**Pluimpies** kan vir gepubliseerde werk, manuskripte of ’n groep (samehangende) tekste toegeken word.

**Donsies** kan vir gepubliseerde tekste of manuskripte toegeken word. Normaalweg sal werk wat ’n kleiner omvang het, of uit enkele losstaande tekste bestaan, hoogstens ’n Donsie-toekenning ontvang.

**Kategorieë:**

Normaalweg sal inskrywings binne die volgende afdelings hanteer word.

**Prosa (skrywers)**

Hierdie kategorie is omvattend en sluit o.a. die volgende in: roman, novelle, sketse, kortverhale, ens.

Omvang: Gepubliseerde werk en manuskripte behoort ongeveer 20 000 woorde bevat; ongeveer 8 tekste in die geval van korter tekste, om vir ’n Veertjie in aanmerking te kom.

**Poësie (digters)**

Omvang: Gepubliseerde werk en manuskripte behoort ongeveer 20 gedigte te bevat en moet van aanvaarbare lengte wees om vir ’n Veertjie in aanmerking te kom.

**Kinderletterkunde (alle genres)**

Kinder- en jeugtekste, alle genres (bv. kinderverhale, jeugromans, ’n versameling korter tekste of gedigte) van gepaste lengte kan ingeskryf word. Die lengte word bepaal deur die ouderdomsgroep, maar normaalweg tussen 1 000 en 10 000 woorde vir prosatekste.

Illustrasies is nie verpligtend nie. Indien daar egter illustrasies is, sal dit ook beoordeel word.

**Ander mediatekste**

Hierdie kategorie bevat bv. koerantartikels en rubrieke, asook dramatekste.

Omvang: Die lengte word deur die genre bepaal.

**Kombinasietekste**

Inskrywings wat meer as een kategorie bevat, sal slegs met goeie motivering as kombinasiemanuskripte aanvaar word.

**Beoordelaars**

Die ATKV stel jaarlikse beoordelaars aan. Beoordelaars moet kortliks repliek aan die ATKV lewer, wat met die inskrywers gedeel mag word. Geen korrespondensie of enige ander kommunikasie oor finale beoordeling sal met beoordelaars of die ATKV-komitee gevoer word nie.